

# Die begrip *accommodatio* by Christoph Wittich (1625–1687) en sy Cartesiaans-rasionalistiese omgang met die Bybelse teks

Jan Adriaan Schlebusch

---

Jan Adriaan Schlebusch, Neo-Calvinism Research Institute, Theologische Universiteit Kampen

---

## *Opsomming*

René Descartes (1596–1650) se rasionalisme is gedurende die 17de eeu in Nederland, meer as enige ander plek ter wêreld, sowel positief as negatief ontvang en gedebatteer. Een van die eerste werklik invloedryke Cartesiane in Nederland was die Leidense filosoof Adriaan Heereboord (1614–1659), wat filosofie se onafhanklikheid van teologie bepleit het. Hy het hierdie “bevryding” geregverdig op grond van die idee dat die filosofie op die menslike rede alleen gebaseer behoort te word en dan met uitsluiting van die waarheidsaanspraak van Goddelike openbaring. Die mees prominente Nederlandse Gereformeerde skolastici van die tyd, soos Jakobus Revius, Gysbertius Voetius en Petrus van Mastricht, asook die meeste teologiese fakulteite aan Nederlandse universiteite, het egter oorweldigend negatief gereageer in reaksie op die opkoms van Cartesianisme.

Die groot uitsondering op die reël was die Protestantse skolastieke teoloog, wiskundige en filosoof Christoph Wittich (1625–1687). Wittich het die epistemologie van Descartes omhels in die mate wat hy die menslike rede as die uiteindelike bastion teen alle twyfel gesien het. God het God-self egter terselfdertyd ook binne die raamwerk van die Protestantse Ortodoksie, met die beweging se kenmerkende hoë agting vir die Goddelike inspirasie en gesag van die Skrif, gepositioneer. By wyse van Wittich se herinterpretasie van die tradisionele teologiese idee van *accommodatio*, asook veral met sy retoriiese verdediging van sy toepassing hiervan in terme van sy rasionalistiese interpretasie van Bybeltekste, het hierdie begrip in die 17de eeu ’n deurslaggewende metamorfose ondergaan. By wyse van die benadering van die *Ideengeschichte* word gewys hoe hierdie semantiese en konsepsuele metamorfose wat die begrip *accommodatio* by Wittich ondergaan het, ’n belangrike historiese ontwikkeling in terme van die latere opkoms van die historiese kritiek via die ontwikkeling van die moderne hermeneutiek in die 18de en vroeë 19de eeu verteenwoordig.

**Trefwoorde:** akkommodasieteorie; Descartes, René; epistemologie; Protestantse Skolastiek; rasionalisme; Wittich, Christoph

### Abstract

#### The concept of *accommodatio* with Christoph Wittich (1625–1687) and his Cartesian-rationalist approach to the Biblical text

The works of the 16th-century Protestant Reformers generally exhibited a distinctly polemic character. John Calvin's discussion of Christian epistemology in his *Institutes of the Christian Religion*, for example, emphasised the authority of the Bible, in contradistinction to the Roman Catholic view, as independent of any ecclesiastical intermediation (Calvin 1559:I.7.1). The Reformation, therefore, was exactly what its name implies: a reaction against the established ecclesiastical order's embodiment of doctrines it perceived of as false (Hillerbrand 2007:384). In contradistinction, the Protestant Scholasticism of the 17th century is described by the American historical theologian Richard Muller (2003:34) as a development that, unlike the Reformation, did not emerge from “kerugma to dogma”, but rather was one “consisting in the adjustment of a received body of doctrine and its systematic relations to the needs of Protestantism, in terms dictated by the Reformers on Scripture, grace, justification, and the sacraments”. The term “Scholasticism” is ascribed to this development because of its indebtedness to the prevalent medieval theological methodology, in particular as it had been developed at medieval European universities (McGraw 2019:101). In this sense the medieval university provided the theoretical framework that shaped 17th-century Protestant Scholasticism (Vos 2001:118).

Like his Protestant contemporaries, the man widely regarded as the father of modern philosophy, René Descartes (1596–1650), was also schooled in the Scholastic tradition and much of his work also bears the stamp of its method (Ariew 2019:29). In seeking a firm foundation for indubitable knowledge in reason alone, Descartes epistemologically rooted the *res extensa*, that is the object of knowledge, entirely in the *res cogitans*, the thinking subject. Therefore, for Descartes, reason served as the last bastion against all doubt; that is, while all that was external of the human mind might be potentially deceptive, the internal cognitive consciousness of one's own thinking served as the irrefutable proof of one's own existence (Descartes 1644:30).

During his own 17th century, Descartes' philosophy would actually receive more scholarly interest in the Netherlands than in his native France, with the University of Utrecht also becoming the world's first to teach his philosophy (Frijhoff and Spies 2004:281). Nonetheless, Cartesianism quickly came to be viewed as a threat to Dutch Calvinism, and during the 1640s many churches and universities (including Utrecht where it was initially taught) rejected it as heretical (Cellamare 2019:2–3).

The first Dutch Protestant Scholastic that would, however, dissent from this widespread rejection and explicitly incorporate Cartesianism into his understanding of divine revelation, was Christoph Wittich (1625–1687). By virtue of a history of ideas approach, the nature of Wittich's exegetical and hermeneutical approach to Biblical texts in terms of his attempt at harmonizing Cartesian philosophy and Protestant theology, can be amplified in an unprecedented manner.

At the heart of Wittich's understanding of Cartesianism was his conviction that Cartesian doubt in no way threatened faith in God (Cellamare 2019:7). For Wittich (1664:12) "Descartes' first step on the path to the acquisition of knowledge is similar to the manner in which acknowledgement of sin is the first step to repentance". In following Descartes' epistemic method, Wittich (1664:15) argued that although we know from Scripture that God does not deceive us, this cannot be indubitably known until it is confirmed by human reason.

Wittich rhetorically distinguished Cartesianism from the philosophy of Baruch Spinoza (1632–1677), following criticisms by Dutch Reformed theologians such as Jakobus Revius (1586–1658) who argued that the rationalist method of Descartes was essentially the same as that of Spinoza, whose philosophy effectuated a form of pantheism (Revius 1548:118). Wittich (1690:49) countered that he considered Descartes' epistemology to be radically different from that of Spinoza, as the latter confused cause and effect in regarding human reason as the foundation of God's existence itself, whereas with Descartes it is merely the means of acquiring indubitable knowledge of God.

The famous Reformed Scholastic strongly associated with Dordtian Orthodoxy, Gysbertius Voetius (1589–1676), condemned the rationalism of Cartesianism itself as a religious conviction at odds with Christian doctrine, arguing that "human reason does not precede faith, nor does it have access to higher knowledge, and therefore cannot be foundational to faith" (Voetius 1636:4). In contradistinction, Wittich (1653:1) proposed that reason itself "was implanted in us since the first creation", thereby being of itself, in terms of both its origin and authority, a *principium externum*.

Given his historical context and audience, it was vital for Wittich to reconcile his doubt regarding knowledge acquired through the Bible with the Protestant doctrine of the infallibility of Special Revelation. He claimed to receive the Bible as "the sole rule and norm for faith and practice" (Wittich 1682:297). Unlike the historical critics of the 18th and 19th centuries, Wittich therefore did not question the infallibility of the Bible as such, but argued for semantic and conceptual reappraisal of the idea of divine accommodation. The idea of *accommodatio*, dating back to the early church fathers, was historically understood as the Holy Spirit's employment of anthropomorphisms in Scripture, so as to effectively reveal God to fallible human beings (Lee 2017:34). Both Augustine and Calvin, for example, understood *accommodatio* as a means by which God bridged the gap between God-self and the limited understanding of fallen human beings (Lee 2017:34). As Richard Muller (2006:19) notes:

[t]he Reformers and their scholastic followers all recognized that God must in some way condescend or accommodate Himself to human ways of knowing in order to reveal Himself. This accommodation occurs specifically in the use of human words and concepts for the communication of the law and the gospel, but it in no way implies the loss of truth or the lessening of scriptural authority. The accommodation or condescension refers to the manner or mode of revelation, the gift of the wisdom of the infinite God in finite form, not to the quality of the revelation or to the matter revealed.

Muller, however, erroneously ascribes a new understanding of *accommodatio* in the sense of "a use of time-bound and even erroneous statements as a medium for revelation" to the 17th-century Lutheran theologian, Johann Semler (Muller 2006:19). However, an investigation into the history of the idea during the preceding century reveals that it already had undergone a conceptual and semantic metamorphosis in the theology of Wittich. According to his

understanding of *accommodatio*, God not only revealed God-self in accordance with the cognitive limitations of fallible humans, but also in accordance with the contextually bound ignorance, misconceptions and prejudices of the Biblical text's original audience (Wittich 1653:3, 24). In other words, the Bible contains many passages that not only accommodate the limitations of man by means of anthropomorphisms, but also by means of erroneous statements regarding natural and even moral matters (Wittich 1653:3).

Although Wittich (1553:249) appealed to both Augustine and Calvin in defence of his understanding of *accommodatio*, his reappraisal of the concept differed radically from theirs, providing through it a rationalist impulse to the concept of *analogia fidei* or standard of truth by virtue of an emphasis on the correct use of reason as decisive in terms of the interpretation of the Bible. Whereas historically the concept of *accommodatio* was understood as a deliberate act on the part of God for the sake of accommodating human limitations, Wittich (1682:397–8) presented it as the result of the misconceptions of both the human author as well as the first audience of any given Biblical text – misconceptions that could be overcome by the right use of reason. This stands in direct contrast to an anti-Cartesian opponent of Wittich, Petrus van Mastricht (1630–1706), who accused Wittich of disregarding the classical Reformed understanding of the *analogia fidei*, namely that Scripture is always its own final interpreter (Van Mastricht 1655:77).

Unlike human reason correctly applied, Wittich (1682:31) therefore did not regard Biblical texts as free from epistemic suspicion and they are therefore to be considered as inferior to reason when it comes to addressing natural and even moral matters. Reason, considered by Wittich to be a gift from God, is always decisive in terms of the acquisition of indubitable knowledge. Biblical truths therefore remain dubious until they are epistemologically ratified by reason (Wittich 1664:15).

The existing literature wrongly presents Wittich's notion of *accommodatio* as a mere continuation of a pre-existing conceptualization of the idea (Muller 1987:94, Lee 2017:33). While he rhetorically appealed to the Augustinian and Calvinistic traditions in his defence of his understanding thereof, it is clear that the concept underwent a profound semantic metamorphosis in the theology of Wittich by virtue of his integration of Cartesian philosophy into his Protestant theological framework. His critical approach to Biblical texts through the lenses of his – at the time – new understanding of *accommodatio*, played an important historical role in laying the early theological foundations of the late 18th- and early 19th-century development of modern hermeneutics.

**Keywords:** Descartes, René; divine accommodation; epistemology; Protestant Scholasticism; rationalism; Wittich, Christoph

## 1. Inleiding

Die werke van die 16de-eeuse Protestantse kerkhervormers het hoofsaaklik, ofthewel byna uitsluitlik gefokus op die primêre polemiese eise van hul tyd, naamlik die weerlegging van die leerstellinge van die Rooms-Katolieke Kerk. Die sentrale fokus van die hervormers was dus die bevestiging van die Hervorming as teologiese beweging in teenstelling met waarvan hulle oortuig was die valse leer en praktyk van die 16de-eeuse Rooms-Katolieke Kerk was. As

sprekende voorbeeld hiervan kan gekyk word na Johannes Calvyn se bespreking van die Christelike epistemologie reg aan die begin van sy *Institusie van die Christelike Godsdiens*. Hier beklemtoon hy dat die Bybel die Woord van God is selfs sonder die bemiddeling van die Kerk, in reaksie teen die Rooms-Katolieke uitgangspunt dat die gesag van die Bybel afgelei word van die Kerk se bemiddeling daarvan (Calvyn 1559:I.7.1). Die Hervorming van die 16de eeu was dus presies wat die naam van die beweging impliseer: 'n reaksie teen die gevestigde kerklike orde se beliggaming van godsdiestige leringe wat gesien is as vals (Hillerbrand 2007:384).

Die Protestantse Skolastiek van die daaropvolgende eeu se fokus was heel anders. Die kerkhistorikus Richard Muller (2003:34) beskryf dit as 'n beweging wat ten doel gehad het om 'n omvattende teologiese en sistematiese liggaam van leringe daar te stel, as 'n beweging wat sy ontstaan nie soos die Hervorming self "from kerugma to dogma" te danke het nie, maar eerder "a development consisting in the adjustment of a received body of doctrine and its systematic relations to the needs of Protestantism, in terms dictated by the Reformers on Scripture, grace, justification, and the sacraments".

In aansluiting hierby beweer die Amerikaanse Presbiteriaanse sistematiese teoloog Ryan McGraw (2019:4) dat die tydperk van die Protestantse Skolastiek, d.i. van die laat 16de tot die einde van die 18de eeu, die "most important one in church history for the formulation and codification of Reformed theology" was, en ook vir die "historic development of the Reformed theological method". Die term "Protestantse Skolastiek" word dan ook aan hierdie historiese fenomeen toegeskryf juis omdat dit soveel aan Middeleeuse Skolastiek verskuldig was in terme van teologiese metodiek – met name soos dit aan die Middeleeuse universiteite ontwikkel is (McGraw 2019:101). Die metode was gebaseer op debat en geskil wat tipies was van die leeromgewing van die Middeleeuse universiteit vanaf die begin van die 13de eeu tot en met kort voor die Verligting van die 18de eeu (Marrone 2003:46; Lindberg 1978:70–2). Die teologiese en filosofiese ontwikkeling van denke in Europa vanaf die 13de tot die 18de eeu is gekenmerk deur 'n merkwaardige metodologiese kontinuïteit te danke aan die feit dat dit deurlopend op skolastieke wyse beoefen is. Gedurende hierdie hele tydperk was die intellektuele geskiedenis van Europa ook diep afhanklik van die ontwikkelinge in die teologie en daarom het die Skolastiek en die teologie deurlopend nou verbonde aan mekaar gebly. Die mees vooraanstaande figure wat met die Protestantse Skolastiek geassosieer is, is almal gevorm deur universiteite wat gefunksioneer het binne die Middeleeuse skolastieke tradisie (Vos 2001:102, 105). In hierdie sin het die Middeleeuse universiteite se beklemtoning van debat en geskil die historiese, metodologiese en teologiese agtergrond van 17de-eeuse Protestantse Skolastiek gevorm (Vos 2001:118).

Ook aktief gedurende die eerste helfte van die 17de eeu was 'n historiese figuur wat deur baie as die vader van moderne filosofie beskou word, René Descartes (1596–1650). Descartes was, soos sy Protestantse tydgenote, in die skolastieke tradisie geskool – in sy geval gedurende sy jeug te La Flèche, Frankryk. Ten spyte van sy bewuste teenkanting teen die skolastieke metode gedurende die middeljare van sy loopbaan, dra sy latere werke ook die stempel van 'n doelbewuste poging om sy idees binne die raamwerk van 'n skolastieke metodiek te plaas (Ariew 2019:29). In teenstelling met die tradisionele Middeleeuse epistemologiese *viae* waardeur kennis van God verkry sou moes word, het Descartes 'n rasionalistiese epistemologie voorgestaan: sy uitgangspunt was radikale twyfel aangaande die sintuie se vermoë om akkurate waarnemings aangaande die werklikheid te maak (Hatfield 2003:30). Die Middeleeuse *via eminentiae*, *via causalitatis* en *via negativa* het al drie metodologies begin met die gegewe van

'n Skepper-God as voorveronderstelling of uitgangspunt (Goudriaan 1999:4). Descartes het daarenteen die grondslag van wetenskaplike en filosofiese kennis in die menslike rede alleen gesoek. Sy rasionalisme was egter die uiteindelike resultaat van die uitgangspunt en erkenning van die feilbaarheid van kennis verkry deur die sintuie (Cellamare 2019:6). Sy filosofie was gemik op die daarstelling van 'n vaste grondslag vir die verkryging van onbetwyfelbare kennis (Broughton 2003:ix). Sy bekende uitspraak "cogito, ergo sum", d.i. "ek dink, daarom bestaan ek", was dus 'n bewering aangaande die menslike rede as die laaste bastion teen alle twyfel, d.i. terwyl alles buite die mens self potensieel misleidend kan wees, is die interne kognitiewe bewustheid dat "ek dink" die ongetwyfelde bewys van my eie bestaan (Descartes 1644:30). By Descartes word die *res extensa*, dit is die voorwerp van kennis, dus volkome epistemologies begrond in die *res cogitans*, die denkende onderwerp (Belfiore 2004:6).

Dit sou egter in Nederland, eerder as in Frankryk wees, waar Descartes se filosofie vir die eerste keer werklik sowel positief as negatief ontvang en gedebatteer is. Hier sou die Universiteit van Utrecht ook die eerste universiteit ter wêreld word waar sy filosofie gedoseer is (Frijhoff en Spies 2004:281). In 1644 sou die eerste uitgawe van sy invloedryke werk *Principia philosophiae* ook deur die Amsterdamse uitgawer Elsevier gepubliseer word (Descartes 1644:i).

Ten spyte van die feit dat Descartes aanvanklik positief in Nederland ontvang is, is Cartesianisme gedurende die grootste gedeelte van die 17de eeu wyd beskou as 'n bedreiging vir die Nederlandse Calvinisme. Gedurende die 1640's het nie alleen kerke en teoloë nie, maar ook vooraanstaande universiteite soos dié in Leiden, Harderwijk en selfs Utrecht waar dit aanvanklik vir 'n aantal jare doseer is, die filosofie as 'n dwaling verwerp (Cellamare 2019:2–3). Daar word dikwels beweer dat een van die vroegste uitsonderings op hierdie reël die Duits-gebore Leidse teoloog Johannes Cocceius (1609–1669) was, maar die Nederlandse kerkhistorikus Willem van Asselt (2001:81) wys daarop dat Cartesianisme verkeerdelik in Cocceius se teologie ingelees word, op grond van die feit dat sommige van sy aanhangers die rasionalisme omhels het. Selfs in sulke gevalle was dit nie gemeenskaplike epistemologies benaderings nie, maar veel eerder "external factors that brought Cocceianism and Cartesianism together. There were common enemies to be fought, and thus the two systems are, so to speak, driven into an alliance" (Van Asselt 2001:83). Van Asselt wys verder uit dat Cocceius se teologie gevorm is binne die Federale Gereformeerde tradisie, met haar hoë agting vir die Bybel as absolute gesag ook vir etiese en sosio-politieke aangeleenthede, en daarom huis die integrasie van Cartesianisme in Bybelse eksegese en hermeneutiek teengestaan het (Van Asselt 2001:80–1). Dus kom dit op 'n anakronisme neer om van 'n "Cartesio-Cocciaanse kamp" te praat (sien byvoorbeeld Lee 2017:33).

Een van die eerste werklik invloedryke Cartesiane in Nederland was die Leidense filosoof Adriaan Heereboord (1614–1659), wat die onafhanklikheid van die filosofie van die teologie bepleit het. Hy het hierdie "bevryding" geregtig op grond van die idee dat die filosofie op die menslike rede alleen gebaseer behoort te word en dan met uitsluiting van die waarheidsaanspraak van Goddelike openbaring (Jorink 2006:56–7). Nietemin, ten spyte van sy verdediging van Cartesianisme het Heereboord nooit enige iets gesê aangaande die implikasies van Cartesianisme vir die gesag of interpretasie van die Bybel nie.

Die eerste Nederlandse Protestantse skolastike teoloog wat Cartesianisme in sy verstaan van die Goddelike openbaring sou inkorporeer was dan inderdaad Christoph Wittich (1625–1687), wat in die streek Silesië gebore is en in Bremen, Groningen en Leiden studeer het (Van Asselt

2001:83; Cellamare 2019:1–2). Wittich was gedurende die tweede helfte van die eeu 'n prominente skolastiese teoloog en het buiten teologie, ook wiskunde, filosofie en Hebreeus doseer te Herborn vanaf 1651 tot 1653, Duisburg vanaf 1653 tot 1655, Nijmegen vanaf 1655 tot 1671 en uiteindelik Leiden vanaf 1671 tot 1687 (Frijhoff en Spies 2004:305).

Die Universiteit van Nijmegen was egter 'n besondere uitsondering in die Nederlandse akademiese klimaat van die 17de eeu: anders as die meeste ander universiteite, het Nijmegen aan Wittich die vryheid gegun om, selfs as professor in die teologie, Cartesianisme te doseer (Cellamare 2019:5–6).

Die fokus van hierdie artikel is dus die volgende ondersoeksvraag: In watter mate en met behulp van watter metodologie het Wittich, as Protestantse en skolastiese teoloog, Cartesianisme, en in die besonder die Cartesiaanse "volstrekte twyfel" aangaande die waarheidsaanspraak van enige eksterne openbaring buiten die menslike rede self, met die gangbare 17de-eeuse Protestantse beskouing van Skrifgesag versoen? By wyse van die benadering van die *Ideeengeschichte*<sup>1</sup> word die aard van Wittich se eksegetiese en hermeneutiese benadering tot Bybeltekste wat ten doel gehad het om Cartesiaanse filosofie met Protestantse teologie te versoen ondersoek en sal hierdie artikel nuwe lig werp op 'n vroeë moderne kritiese benadering tot die teks van die Bybel binne die Protestantisme – lank voor die opkoms van laat 18de- en 19de-eeuse hoër kritiek. Die fokus val dus op die wyse waarop Wittich sy positiewe verstaan van Cartesianisme binne die konteks van Ortodoks-Protestantse teologie in die 17de eeu, waartydens hierdie filosofie byna sonder uitsondering deur Protestantse skolastici verworp is, regverdig en verdedig het. Met ander woorde, nie alleen Wittich se eksegetiese en hermeneutiese gevolgtrekkings as sodanig nie, maar veral sy aanwending van die skolastiese metodiek wat hom daartoe gelei het, asook sy retoriiese regverdiging en verdediging van sy integrasie van Cartesiaanse filosofiese met Protestantse theologiese konsepte, is hier die sentrale fokus.

Ter wille van hierdie navorsingsdoel gaan daar eerstens gekyk word na die historiese konteks van Wittich se verstaan en omhelsing van Cartesianisme, waarna daar gefokus sal word op sy kritiese benadering tot Bybelse tekste in die algemeen en in die besonder sy retoriiese voorstelling van wat, in sy historiese konteks, nuwe eksegetiese uitgangspunte was in die lig van die filosofie van Descartes. Uiteindelik word daar gekyk na Wittich se eksegetiese omgang met die Bybelse teks self, besonderlik in die lig van die 17de eeu se debatte aangaande Cartesianisme binne die Protestantse Skolastiek in Nederland.

## 2. Wittich en Descartes

Die kern van Wittich se verstaan van Cartesianisme as Protestantse teoloog was sy oortuiging dat Cartesiaanse twyfel geen bedreiging vir geloof in God of die Christelike leer inhou nie (Cellamare 2019:7). Vir Wittich (1664:12) was "Descartes se eerste stap tot die verkryging van kennis soortgelyk aan die wyse waarop die erkenning van sonde die eerste stap tot bekering is".<sup>2</sup> Hy beroep hom dan op Descartes se *Discourse de la méthode*, waarin hy die volgende skryf: "Dis geensins my bedoeling om die skeptici, wat twyfel ter wille van twyfel self, na te volg nie ... Inteendeel, my poging is daarop gemik om te verseker ... dat standvastige grond gevind word" (Descartes 2013:27).<sup>3</sup> Met ander woorde, Wittich, as Protestantse teoloog, het Cartesiaanse twyfel aangaande die menslike sintuie as 'n integrale deel van die erkenning van

sonde, dit wat volgens die Calvinistiese leer die eerste stap na bekering is, voorgestel (Johnson 2013:57).

In navolging van Descartes se rasionalisme, het Wittich (1664:15) egter geargumenteer dat alhoewel die mens “uit die Skrif kan weet” dat God ons nie mislei nie, dit nie bo alle twyfel geweet kan word totdat dit absoluut waar bewys word deur middel van die menslike rede nie.<sup>4</sup> In hierdie opsig bevestig die rede dit wat aanvanklik, alhoewel nie bo alle twyfel nie, uit die Skrif “geweet” kon word. Met ander woorde, rasionele of ongetwyfelde kennis van God bly slapend of onaktief totdat dit deur die lees van die Bybel geakteiveer word (Wittich 1664:52). Die kennis van God wat dan deur middel van die rede bevestig word, is soortgelyk aan die “ongetwyfelde kennis [van God] wat teenwoordig was voor die sondeval” (Wittich 1664:54).<sup>5</sup>

Een belangrike retoriiese strategie wat Wittich gebruik het om sy Cartesianisme te regverdig was sy doelbewuste distansiëring van en skerp onderskeid tussen Descartes se filosofie en die filosofie van Baruch Spinoza (1632–1677). Die rasionalistiese epistemologie waarmee Spinoza ’n vorm van panteïsme geregverdig het, was gebruik as ’n argument dat rasionalisme ’n bedreiging inhoud vir Gereformeerde Ortodoksie (Melamed 2013:15; Douglas 2015:126).

Die Nederlandse Gereformeerde skolastiese teoloog Jakobus Revius (1586–1658) het byvoorbeeld as weerlegging van Cartesianisme aangevoer dat “[Descartes] toegee dat die feit dat die mens nie daartoe in staat is om aan God te dink as iets wat nie bestaan nie, tot gevolg het dat om te bestaan op sigself ’n onafskeidbare eienskap van God is, maar hy voeg toe dat hierdie bestaan in die verstand, eerder as in wese is”<sup>6</sup> (Revius 1548:118). Hier het Revius argumenteer dat vir Descartes kennis van God se bestaan en wese begrond word in ’n idee van Goddelikheid wat inherent is aan die menslike rede self en dat dit dus metodologies identies is met die epistemologiese proses wat deur Spinoza gevolg is en tot panteïsme geleid het (Douglas 2015:141). Wittich het egter daarenteen beweer dat Descartes se metodiek heeltemal verskil het van dié van Spinoza, aangesien laasgenoemde oorsaak en gevolg verwarring het in die sin dat hy die inherente menslike idee van God as die begronding God se bestaan self, eerder as die middel tot die verkrywing van absolute kennis van God se bestaan, voorgestel het (Wittich 1690:49). Vir Wittich was die rol van die menslike rede dus die verkrywing van duidelikheid en absolute sekerheid oor wat aanvanklik, maar nie bo alle twyfel nie, aangaande God in die Bybel en in die natuur geopenbaar word (Cellamare 2019:17).

Die bekende Dordtse teoloog Gysbertius Voetius (1589–1676) het egter in die rasionalisme van Cartesianisme self, afgesien van die theologiese gevolge daarvan, ’n dieperliggende problematiek gesien. In die epistemologie van die rasionalisme sien Voetius ’n godsdienstige oortuiging teenstrydig met die Christelike leer aangesien dit die uiteindelike gesag in die mens self plaas. Hy skryf dat “die menslike rede nie geloof voorafgaan, of oor duideliker kennis beskik nie, en die rede kan daarom nie die grondslag van geloof wees nie”<sup>7</sup> (Voetius 1636:4). Hy tref gevolglik, in reaksie op die Cartesianisme, ’n skerp onderskeid tussen die *autopista* of inspirasie van die Bybel as iets objektiefs en ekstern tot die mens, d.i. ’n *principium externum*, en die *testimonium* van die Heilige Gees, dit is die bewerking van die geloof in die mens, as ’n interne en subjektiewe oortuiging aangaande hierdie gesag (Van der Belt 2008:173). Hier teenoor het Wittich (1653:1) egter beklemtoon dat die rede deur God self “in ons ingeplant is vanaf die eerste skepping”<sup>8</sup>. Wittich se keuse van die verlede deelwoord “*inditum*”, d.i. “ingeplant”, wys daarop dat hy die rede self verstaan het as iets wat op sigself, in terme van oorsprong en gevolglik ook gesag, ’n *principium externum* is.

### 3. Wittich en die akkommadasieteorie

Gegewe sy historiese konteks asook sy gehoor, was dit wesenlik belangrik vir Wittich om te poog om sy twyfel aangaande die kennis verkry deur die Bybel met die Protestantse leer aangaande die onfeilbaarheid van die Skrif te versoen. Hy het beweer dat hy “die Heilige Skrif as die enigste reël en norm vir geloof en lewenswandel” aanvaar.<sup>9</sup> In ’n werk wat hy *Consensus veritatis in scriptura divina et infallibili revelatae cum veritate philosophica a Renato Descartes detecta*, d.i. “Die ooreenstemming van die waarheid wat deur die Goddelike en onfeilbare Skrif geopenbaar is met die filosofiese waarheid wat deur René Descartes ontdek is” betitel het, het hy ’n sterk skeiding tussen natuurlike sake en geestelike sake soos aangespreek in die Bybel voorgestaan en aangevoer dat wanneer die Bybel geestelike sake aanspreek, dit op ’n onfeilbare wyse gedoen word, maar nie wanneer natuurlike sake aanspreek word nie. In laasgenoemde geval lees (of “spreek”) die Bybel volgens die standpunte en wêrldbeskouing van die eerste gehoor vir wie die teks geskryf is, selfs al sou dit nie ooreenstem met die waarheid nie (Wittich 1682:297).

Wittich het dus, anders as latere hoër kritici in die 18de en 19de eeu, nie die onfeilbaarheid van die Skrif as sodanig bevraagteken nie, maar ook binne sy historiese konteks ’n hoë beskouing van Skrifgesag gehandhaaf. Sy retoriiese voorstelling van sy beskouing het ongetwyfeld ten doel gehad om sy tydgenote van sowel sy eie as Descartes se ortodoksie te oortuig.

Kort nadat hy in 1653 vanaf Herborn na Duisberg verhuis het, het Wittich in dieselfde jaar sy *Dissertationes duae* oftewel *Twee verhandelinge* gepubliseer, “waarvan die eerste die gebruik en misbruik van die Skrif wat betref filosofiese sake, ondersoek … en die tweede betref die wese en orde van die ganse heelal en van sy oorspronklike liggeme, waarin ook die sentimente van die edele Descartes aangaande die beweging van die aarde verdedig word”<sup>10</sup> (Wittich 1653:ii). Hierin het hy die “gebruik en misbruik”<sup>11</sup> van die Skrif in verband met die wetenskap bespreek en, in ’n poging om Cartesiaanse filosofie met sy Protestantse teologie te versoen, geargumenteer vir ’n nuwe verstaan van die akkommadasieteorie in terme van die Goddelike openbaring in die Bybel (Frijhoff en Spies 2004:305, 310). Die idee van akkommadasie (*accommodatio*) in die openbaring self dateer terug na ten minste die vroeë kerkvaders, en veral Augustinus (Balserak 2006:14). Vir Augustinus, asook die navolgers van sy eksegetiese tradisie, behels Goddelike akkommadasie in die openbaring die gebruik van antropomorfiese uitdrukings wat ten doel het om God verstaanbaar aan feilbare mense voor te stel (Huijgen 2011:86). Met ander woorde, Goddelike akkommadasie is histories verstaan as ’n toegewing van God self, waardeur Hy menslike beperkings in ag neem. Nogtans is die gesag van die Bybel in terme van alles wat dit aanspreek – ongeag of dit natuurlike, morele of geestelike aspekte van die werklikheid behels – deurlopend erken (Lee 2017:34).

Binne die Augustiniaans-Calvinistiese tradisie vóór Wittich was die akkommadasieteorie verstaan as ’n manier waarop God in sy openbaring aan mense die brug tussen God-self en mense se beperkte verstaansvermoë van God self in ag neem, sonder om enige afbreuk aan die gesag van daardie openbaring te doen. Richard Muller (2006:19) verduidelik dat

[t]he Reformers and their scholastic followers all recognized that God must in some way condescend or accommodate Himself to human ways of knowing in order to reveal Himself. This accommodation occurs specifically in the use of human words and concepts for the communication of the law and the gospel, but it in no way implies the loss of truth or the lessening of scriptural authority. The accommodation or

condescension refers to the manner or mode of revelation, the gift of the wisdom of the infinite God in finite form, not to the quality of the revelation or to the matter revealed.

As voorbeeld hiervan kan gewys word waaroor Johannes Calvyn (1509–1559) geskryf het in sy kommentaar op Genesis 22:12, toe God aan Abraham sê dat God, in die lig van die feit dat hy bereid was om Isak te offer, nou weet dat Abraham God vrees:

Hoe kan enige iets in tyd aan God bekend word, aangesien alle kennis van alle dinge altyd vir Hom teenwoordig is? Waarlik, dit is omdat God hier neerbuig na die vlak van sterlike mense, dat God sê dat wat hier deur ervaring bewys is, nou aan Hom bekend geword het. En God praat met ons nie volgens sy eie oneindige wysheid nie, maar volgens ons swakhede (Calvyn 1554:162).<sup>12</sup>

Die kerkhistorikus Jon Balserak (2006:8–9) beweer dus tereg dat Calvyn se verstaan van die akkommodasieteorie “rarely, if ever, suggests a conception of the Bible which understands its truth as being historically-relative, as seems to have been the case with later proponents of accommodation”.

Richard Muller (2006:19) skryf die opkoms van die vroeë moderne semantiese (her)verstaan van die akkommodasieteorie – in teenstelling met hierdie tradisionele verstaan van byvoorbeeld Calvyn – toe aan die 18de-eeuse Duitse Lutherse rasionalis, Johann Semler (1725–1791):

Note that the sense of *accommodatio* that implies not only a divine condescension, but also a use of time-bound and even erroneous statements as a medium for revelation, arose in the eighteenth century in the thought of Johann Semler and his contemporaries and has no relation either to the position of the Reformers or to that of the Protestant scholastics, either Lutheran or Reformed.

In die bestaande literatuur word Wittich se akkommodasieteorie dus interpreteer as óf 'n blote voortsetting van die Augustiniaans-Calvinistiese akkommodasieteorie (Muller 1987:94), óf as 'n nuwe, suiwer modernistiese teorie sonder enige historiese presedente. Vanuit die benadering van *Ideengeschichte* kan egter beklemtoon word dat die idee van *accommodatio* by Wittich wel binne die historiese en theologiese konteks van 'n bepaalde tradisie, d.i. Protestantse Skolastiek, verstaan behoort te word, maar dat die begrip terselfdertyd by Wittich 'n konsepsuele en semantiese metamorfose ondergaan het. Juis dit het Wittich in staat gestel om 'n deurslaggewende rol te speel in 'n historiese paradigmaaf wat betref die eksegese van die Bybel.

Wittich het naamlik 'n nuwe verstaan van die akkommodasieteorie voorgestel, waarvolgens God Hom nie net openbaar met inagneming van natuurlike of inherente menslike beperkinge – soos die geval was by byvoorbeeld Calvyn – nie, maar volgens die konteksgebonde onkunde van die teks se eerste lesers. Hierdeur het Wittich die konsep van *accommodatio* op ongekende wyse verstaan en toegepas. Hy skryf:

Ons ... erken met die grootste ontsag die gesag van die Skrif, en onderwerp ons gewilliglik daaraan. Ons glo ook vas dat die saligheid van God is en dat die kennis van God volkome in die Skrif geopenbaar word, “sodat die man van God volkome voorberei en onderrig sal wees vir elke goeie werk” [II Tim. 3:17]. Wat die res aanbetrif is dit ons vaste oortuiging dat die Skrif dikwels spreek aangaande natuurlike sake, soos duidelik is, nie volgens wetenskaplike of filosofiese feite nie, en dat kennis van die

natuurwetenskap nie daaruit afgelei kan word nie ... Die Skrif *akkommodeer* die gebrek aan kennis en selfs die foutiewe standpunte van die gewone mense (Wittich 1653:3, 24).<sup>13</sup>

Hierdie foutiewe standpunte van die “gewone mense” of “vulgus” het geensins te make met die beperkings inherent tot die menslike begripsvermoë as sodanig en dan met name die afstand tussen God en mens nie, maar met ’n bepaalde wetenskaplike ongeletterheid kenmerkend van die eerste gehoor aan wie die Bybelse tekste in hul respektiewelike historiese kontekste gerig is. Wat hier dus ter sprake is, is presies die vooroordeel of onkunde wat die Cartesiaanse *via moderna* poog om te oorbrug by wyse van ’n suiwer rasionalistiese epistemologie (Beck 2001:28). By wyse van sy Cartesiaanse uitgangspunte, het Wittich se verstaan en voorstelling van die begrip *accommodatio* dus reeds ’n eeu voor Semler ’n metamorfose ondergaan. Wittich het dus reeds in die 17de eeu die begrip bevorder as die “use of time-bound and even erroneous statements as a medium for revelation”, om Muller se beskrywing te gebruik.

Wat egter vir Wittich van wesenlike belang was – en huis hierin lê die diskontinuïteit met die tradisionele verstaan van *accommodatio* – was dat hierdie onkunde of vooroordele oorkom kon en oorkom moes word by wyse van rasionele ondersoek (Wittich 1653:3).

Een van die moontlike redes vir die oorsig wat betref hierdie ingrypende semantiese verandering van die begrip *accommodatio* by Wittich is die feit dat in sy omgaan met die Skrif, en in sy verdediging van sy eksegese, hy doelbewus gekies het vir die tipe retoriiese strategieë wat hom binne die konteks van 17de-eeuse Protestantse Skolastiek as ortodoks sou laat oorkom. Met ander woorde, hy het wat hy bekhou het as die harmonie tussen Cartesianisme en Protestantse Ortodoksie, sterk beklemtoon. Dit kan veral gesien word in Wittich se beklemtoning van *accommodatio* as iets wat God self doelbewus doen in sy openbaring van God-self. Daarom verskuif die fokus nou na Wittich se omgaan met Bybelse teksgedeeltes waar hy sy verstaan en toepassing van *accommodatio* verdedig.

#### 4. Wittich se interpretasie van Bybelse teksgedeeltes in die lig van sy Cartesiaanse begrip van *accommodatio*

Sy *Dissertationes duae* en *Consensus veritatis*, wat beide oorspronklik gedurende die 1650's, toe Wittich te Duisberg en Nijmegen gedoseer het, gepubliseer is, is Wittich se twee belangrikste werke in terme van sy uiteensetting en verdediging van sy begrip *accommodatio*.

*Dissertationes duae* het sy ontstaan gehad binne die konteks van die kosmologiese debatte van die tyd. Twee jaar voor die publikasie van *Dissertationes duae* is ’n verhandeling getitled *De terrae motu et scriptura sacra* (*Die beweging van die aarde en die Heilige Skrif*) gepubliseer wat geskryf is deur ’n leerling van Descartes, Rheticus, wat ’n Lutherse sterrekundige was. Hierin argumenteer Rheticus dat Bybelse tekste soos Josua 10 – waar daar gesê word dat die son stilgestaan het – harmoniseer kon word met Copernicus se heliosentrisme mits dit verstaan word dat dit die aarde was, eerder as die son, wat stilgestaan het (Rheticus 1651:58). Met *Dissertationes duae* het Wittich dan ook ten doel gehad om te wys dat Copernicus se heliosentriese idees aangaande die heelal versoenbaar is met die Bybel by wyse van die integrasie van Cartesiaanse epistemologie in die eksegese van die Bybel (Vermij 2002:139, 146–8). Wittich se verstaan en toepassing van *accommodatio* kom dan ook in hierdie werk ten

sterkste na vore. Die agtergrond vir die skryf van hierdie werk was Voetius se aanval op twee professore by die Nederlandse universiteite Groningen en Herborn, Johannes Clauberg (1622–1665) en Johannes Valentinus Andreae (1586–1654), wat geleer het dat die “fisika” van die Ou Testament opgestel is in ooreenstemming met die wanindrukke van die Ou Nabre Oosterse samelewing tydens die teks se ontstaan. Voetius was een van die mees bekwame teenstanders van enige idees wat die fisika van die Bybel reduseer het tot ’n minderwaardige status in vergelyking met moderne fisika (Frijhoff en Spies 2004:363).

In Wittich se *Dissertationes duae* argumenteer hy dat daar “verskeie plekke in die Skrif is waar dit duidelik is dat daar praktiese en morele sake is wat bespreek word volgens die opinie van die gewone mense, en daarom verwyder is van die waarheid”.<sup>14</sup> Sy keuse van tekste wat hy dan vervolgens bespreek is strategies uiters versigtig gedoen en ter wille van die retoriiese verdediging van sy standpunt beroep hy homself ook op Calvyn en Augustinus (Wittich 1653:6–7, 249).

Hy bespreek byvoorbeeld ’n frase uit Spreuke 30:19, waar daar verwys word na die “weg van ’n man by ’n maagd”. Wittich argumenteer dat dit duidelik is uit die daaropvolgende vers, wat verwys na die weg van ’n “owerspelige vrou”, dat hier nie na ’n maagd verwys word in die letterlike sin van die woord nie. Wittich wys daarop dat die Hebreeuse woord נָעָלָה (“alma”) letterlik met “jong vrou” vertaal kan word, maar dat eksegete dit as “maagd” interpreteer op grond van apologetiese oorwegings teen Judaïsme, aangesien dieselfde woord in Jesaja 7:14 gebruik word as verwysing na wat, in teenstelling met Joodse kommentators, deur Christelike teoloë histories as ’n profesie aangaande die maagdelike geboorte van Jesus interpreteer is (Wittich 1653:38). Eersgenoemde interpreteer beide tekste egter as verwysend na ’n jong vrou wat haarself as huweliksgenoot aanbied en dus, in terme van die perspektief van die samelewing van daardie tyd, nog ’n maagd sou (of behoort te) wees (Wittich 1653:38). Terselfdertyd ontken hy nie die maagdelike geboorte van Jesus of die feit dat Jesaja 7:14 daarop betrekking het nie, maar gebruik die voorbeeld om ’n nuwe, rasionalistiese impuls aan die Protestantse konsep van *analogia fidei*, dit is die maatstaf vir waarheid, te gee. Wittich beklemtoon hierdeur dat die gebruik van die rede deurslaggewend is in terme van die korrekte verstaan van die Bybel. Dit staan in direkte teenstelling met Wittich se anti-Cartesiaanse opponent en mede-Protestantse skolastiese teoloog, Petrus van Mastricht (1630–1706), wat in reaksie op Wittich beweer het dat ’n toegewing in terme van die klassieke Joodse interpretasie van die woord נָעָלָה noodwendig gevolge sou hê vir die interpretasie van Jesaja 7:14, en dan op grond van die klassiek-Reformatoriese verstaan van die *analogia fidei* beweer dat, aangesien Skrif altyd deur Skrif – eerder as die rede – verklaar behoort te word, “moet dit noodwendig so wees, dat die woord נָעָלָה orals [in die Bybel] en dus ook in hierdie geval [Spreuke 30:19] waarlik ’n ongeskonde maagd, wat nooit geslagsgemeenskap met ’n man gehad het nie, aandui” (Van Mastricht 1655:77).<sup>15</sup>

In sy *Consensus veritatis* sou Wittich weer beklemtoon dat die feit dat die Bybel self soms spreek in ooreenstemming met algemene wanopvatting, nie afbreuk doen aan die Goddelike inspirasie van die teks self nie, aangesien “die Heilige Gees nie hierdie wanopvatting bevestig nie, en ook nie sy eie maak nie, maar bloot nie weerlê nie, en daardie sieninge wat nie lei tot verdoemenis nie, akkommodeer” (Wittich 1682:291).<sup>16</sup> In hierdie werk onderskei Wittich sy begrip van *accommodatio* dan ook van die historiese verstaan daarvan, met name by wyse van ’n verwysing na Calvyn se kommentaar op Psalm 19:5. Hier beweer Calvyn datwanneer Dawid in die Psalm skryf dat God vir die son ’n “tent gemaak” het, Dawid

nie hier op 'n wetenskaplike wyse spreek aangaande die volledige omwenteling van die son, soos hy sou doen in die geselskap van filosowe nie, maar, ter wille daarvan om die mees oningeligtes te akkommodeer, beperk hy homself tot wat vir die oog sigbaar is en sê hy dus niks aangaande die ander helfte van die son se omwenteling, wat nie in ons halfrond sigbaar is nie (Calvyn 1557:137).<sup>17</sup>

Uit Wittich se kommentaar op Calvyn se verstaan van die teks, blyk sy klemverskuiwing na die epistemologiese rol van die mens as onderwerp in die openbaringsproses duidelik. Hy skryf: "Die vooroordele in die bewoording van hierdie Psalm is egter nie vrywilliglik so geformuleer nie" (1682:397–8).<sup>18</sup> Met ander woorde, waar Calvyn *accommodatio* sien as iets wat God bewustelik met bemiddeling van die skrywer (en die lesers) van die Bybelse teks gedoen het, is dit egter by Wittich die resultaat van die skrywer self se eie vooroordele. Waar Calvyn dus vashou aan die Goddelike openbaringskarakter van die Bybelse teks self, naamlik dat die gesag daarvan van so 'n aard is dat dit "sonder enige twyfel ... geglo moet word as komende vanuit die hemel self, so direk asof God se stem self daarin gehoor kan word" (Calvyn 1995:I.7.1),<sup>19</sup> beklemtoon Wittich dat die teks en oueur daarvan ook slagoffers was van die wanopvattingen kenmerkend van die historiese konteks waarin die teks ontstaan het.

Met ander woorde, die Bybelse teks self is by Wittich, anders as die suiwere rede, nie bo epistemologiese verdenking nie. Dit verteenwoordig juis sy Cartesiaanse inslag tot die epistemologiese proses. Anders as by sy voorgangers, soos Calvyn, waar *accommodatio* nooit verstaan is as iets wat "the quality of the revelation or to the matter revealed" sou beïnvloed nie (Muller 2006:19), was hierdie openbaring en die sake wat dit aanspreek vir Wittich wel ondergeskik aan die rede. Die gesag van die Bybel word egter wel deur die rede bevestig, en kan daarom, in soverre hierdie bevestiging bo alle redelike twyfel plaasgevind het, as gesaghebbend aanvaar word. Dit verteenwoordig egter 'n belangrike epistemologiese skuif van die eksterne grond van sekerheid in die Goddelike aard van die openbaring as onbetwyfelbare voorwerp van kennis, na die menslike rede as die onbetwyfelbare onderwerp van kennis.

Waar *accommodatio* dus by Calvyn noodsaaklik en doelbewus was van die kant van beide God as eerste Outeur en ook die mens as tweede oueur van die Bybelse teks, ter wille van die gehoor se tekortkominge as gevolg van die sondeval, het dit by Wittich ontwikkel na 'n toegewing aan bepaalde tydgebонde en antieke wanopvattingen, waaraan ook die menslike oueur van die teks en gevvolglik die teks self onderworpe is. Dit verteenwoordig dus ook 'n 17de-eeuse paradigmaskuif weg van die organiese inspirasieleer, waarvolgens die Heilige Gees die skrywers van die Kanonieke boeke se verstand verlig het in terme van alles wat hulle beskryf het – 'n beskouing wat in die 16de eeu geartikuleer is in 'n aantal belydenisskrifte van die Hervorming (Berkhof 1996:151–2) – na 'n beduidend rasionalistiese of kritiese Skrifbeskouing.

Alhoewel die Bybelse beskrywing van natuurlike (d.i. natuurwetenskaplike) of selfs bepaalde morele sake egter nie deur die rede bevestig word nie, is hierdie sake vir Wittich "leerstellig neutraal" en was dit daarom vir God nie nodig om dit in die Bybel te openbaar volgens presiese wetenskaplike of filosofiese waarheid nie (Wittich 1682:31).<sup>20</sup>

In die lig hiervan sou moontlik tot die gevolgtrekking gekom kon word dat hier in Wittich se integrasie van rasionalisme en Goddelike openbaring 'n bepaalde epistemologiese dualisme opgemerk kan word wat betrek natuurlike of morele sake aan die een kant en geestelike of leerstellige sake aan die ander kant, en met name in terme van die wyses waarop kennis

aangaande hierdie sake verkry word (sien byvoorbeeld Lee 2017:28–9). Dit is egter nie so eenvoudig nie, aangesien die rede – wat Wittich beskou as 'n Goddelike gawe – altyd vir Wittich deurslaggewend is in terme van die verkryging van enige kennis oftewel sekerheid – ongeag die voorwerp van daardie kennis (Wittich 1664:15). Vir Wittich was die menslike rede dus altyd deurslaggewend as uiteindelike bastion teen alle twyfel. Wat wel by Wittich teenwoordig is, en hierin lê die kern van die diskontinuïteit met sy voorgangers, is 'n volkome skeiding tussen die gesag van die Goddelike openbaring in die Bybel aan die een kant en die verkryging van wetenskaplike kennis aan die ander kant.

## 5. Gevolgtrekking

In die bestaande literatuur word Wittich se akkommodasieteorie óf beskou as 'n voortsetting van 'n bestaande eksegetiese tradisie binne 'n Protestantse en skolastiese raamwerk (Muller 1987:94, Lee 2017:33), óf as 'n suiwer Cartesiaanse uitvinding. 'n *Ideengeschichtliche* benadering tot Wittich se geskrifte binne die konteks van die 17de eeu wys egter uit dat alhoewel sy begrip van *accommodatio* inderdaad aansluiting gevind het by 'n bepaalde teologiese tradisie, dit ook terselfdertyd 'n konsepsuele metamorfose ondergaan het. Dit was die resultaat van beide sy integrasie van Cartesiaanse filosofie in sy Protestants-skolastiese teologiese raamwerk, asook sy retoriiese verdediging van hierdie integrasie as 'n teologiese suiwer of ortodokse standpunt. Wittich het immers geleef in 'n historiese konteks waar sy mede-Protestantse Skolastici, veral in die Gereformeerde tradisie, hulself heftig teen Cartesianisme uitgespreek het, en daarom was dit vir Wittich noodsaaklik om te wys dat sy rasionalistiese verstaan van die Bybel inlyn was met die tradisionele Gereformeerde verstaan daarvan. Om homself binne die raamwerk van die Protestantse Skolastiek te posisioneer en sy posisie te verdedig, het hy, as retoriiese strategie, 'n sterk beroep gedoen op die begrip *accommodatio*, wat vir eeue reeds in die Augustiniaanse tradisie aanvaar en eksegeties uitgebou is. Deur middel van sy integrasie van die moderne filosofie van Descartes, asook sy retoriiese strategieë, is *accommodatio* egter nie meer voorgestel as iets wat God self in sy besondere openbaring doen ter wille van die beperkte verstaansvermoë van die mens of die kloof tussen God-self en die mens as gevolg van die sondeval self nie, maar as die resultaat van die wanopvatting van die skrywer van die teks as middel van God se openbaring self – wanopvatting wat deur middel van die korrekte gebruik van die rede reggestel kan word, selfs deur die gevallen sondige mens.

Wittich het, met sy kritiese benadering tot die teks van die Bybel, die grondslag gelê vir die wydverspreide aanvaarding van sy moderne verstaan van *accommodatio* deur 18de-eeuse Lutherse rasionalistiese teoloë soos Johann Semler, aan wie Muller (2006:19) verkeerdelik die ontstaan van hierdie nuwe, moderne verstaan en toepassing toeskryf. Hierdie 18de-eeuse toepassing van *accommodatio* het op sy beurt weer 'n deurslaggewende rol gespeel in die opkoms van moderne historiese kritiek in die Bybelwetenskap (Lee 2017:33). In hierdie oopsig het Christoph Wittich se 17de-eeuse herverstaan en toepassing van 'n tradisionele teologiese begrip 'n deurslaggewende rol gespeel in die aanvanklike daarstelling van 'n teologiese idee wat wesentlik belangrik sou wees vir die latere ontwikkeling van die moderne hermeneutiek deur byvoorbeeld Friedrich Schleiermacher (1768–1834)<sup>21</sup> en sy opvolgers.

## Bibliografie

### Bronne

Calvyn, J. 1554. *In primum Mosis librum, qui genesis vulgo dicitur commentarius*. Robert Stephanus: Genève.

—. 1559. *Institutio christiana religionis*. Robert Stephanus: Genève.

—. 1836 (1557). *Librum psalmorum commentarius*. Tholuck: Amsterdam.

Descartes, R. 1644. *Principia philosophiae*. Ludovicum Elzevier: Amsterdam.

—. 2013 (1637). *Discours de la méthode*. Cambridge University Press: Cambridge.

Hooykaas, R. 1984. *G. J. Rheticus' treatise on Holy Scripture and the motion of the earth: With translation, annotations, commentary and additional chapters on Ramus-Rheticus and the development of the problem before 1650*. North-Holland: New York.

Kuyper, A. 1887. *D. Gysberti Voetii selectarum disputationum fasciculus*. Wormser: Amsterdam.

Revius, J. 1648. *Methodi Cartesiana consideratio theologica*. Vogel: Leiden.

Rheticus, G.J. 1651. *De terrae motu et scriptura sacra*. In Hooykaas (red.) 1984.

Van Mastricht, P. 1655. *Vindiciae veritatis et authoritas sacrae scriptura in rebus philosophicis adversus Dissertationes duae Christophori Wittichii*. Waesberge: Utrecht.

Voetius, G. 1636. *Ratio humana in rebus fidei*. In Kuyper (red.) 1887.

Wittich, C. 1653. *Dissertationes duae quarum prior de s. scripturae in rebus philosophicis abusu, examinat*. Elzevier: Amsterdam.

—. 1664. Observationes in Renati Descartes Meditationes de prima philosophia. In *MS. 3415 Mandeville, Michael de*. Wellcome Library Archives.

—. 1682 (1659). *Consensus veritatis in scriptura divina et infallibili revelatae cum veritate philosophica a Renato DesCartes detecta*. Boutersteyn & Lever: Leiden.

—. 1690. *Anti-Spinoza, sive examen ethices Benedicti de Spinoza, et commentarius de deo et eius attributis*. Wolters: Amsterdam.

### Literatuur

Ariew, R. 2019. *Descartes and the last scholastics*. Ithaca, NY: Cornell University Press.

Balserak, J. 2006. *Divinity compromised: A study of divine accommodation in the thought of John Calvin*. Dordrecht: Springer.

- Beck, A.J. 2001. *Gisbert Voetius (1589–1676): Basic features of his doctrine of God in reformation and scholasticism – an ecumenical enterprise*. Grand Rapids, MI: Baker.
- Belfiore, F. 2004. *The structure of the mind: Outlines of a philosophical system*. Lanham, MD: University Press of America.
- Berkhof, L. 1996. *Systematic theology*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.
- Broughton, J. 2003. *Descartes' method of doubt*. Princeton, NJ: Princeton University Press.
- Cellamare, D. 2019. A Theologian teaching Descartes at the Academy of Nijmegen (1655–1679): Class notes on Christoph Wittich's course on the Meditations on first philosophy. *Intellectual History Review*, 29:1–29.
- Douglas, A.X. 2015. *Spinoza and Dutch Cartesianism: Philosophy and theology*. Oxford: Oxford University Press.
- Frijhoff, W. en M. Spies. 2004. *Dutch culture in a European perspective: 1650, hard-won unity*. Londen: Macmillan.
- Goudriaan, A. 1999. *Philosophische Gotteserkenntnis bei Suarez und Descartes: Im Zusammenhang mit der niederländischen reformierten Theologie und Philosophie des 17. Jahrhunderts*. Leiden: Brill.
- Hatfield, G.C. 2003. *Routledge philosophy handbook to Descartes and the Meditations*. Londen: Routledge.
- Hillerbrand, H.J. 2007. *The division of Christendom: Christianity in the sixteenth century*. Louisville, KY: Westminster/John Knox Press.
- Hongtu, L. 2020. The return of the History of Ideas – observations on the evolution of research paradigms in the History of Ideas. *Chinese Studies in History*, 53(2):136–149.
- Huijgen, A. 2011. *Divine accommodation in John Calvin's theology: Analysis and assessment*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Johnson, D.W. 2013. *Trust in God: The Christian life and the book of confessions*. Louisville, KY: Geneva Press.
- Jorink, E. 2006. Reading the book of nature in the seventeenth-century Dutch Republic. In Van Berkel en Vanderjagt (eds.) 2006.
- Lee, H.J. 2017. *The biblical accommodation debate in Germany: Interpretation and the Enlightenment*. Cham: Palgrave.
- Lindberg, D.C. 1978. *Science in the Middle Ages*. Chicago, IL: University of Chicago Press.
- Marrone, S.P. 2003. Medieval philosophy in context. In McGrade (red.) 2003.

McGrade, A.S. (red.). 2003. *The Cambridge companion to medieval philosophy*. Cambridge: Cambridge University Press.

McGraw, R.M. 2019. *Reformed Scholasticism: Recovering the tools of Reformed theology*. New York: T & T Clark.

Muller, R. 2006. *Dictionary of Latin and Greek theological terms: Drawn principally from Protestant Scholastic theology*. Grand Rapids, MI: Baker.

—. 2003. *Post-Reformation Reformed dogmatics: Prolegomena to theology*. Grand Rapids, MI: Baker.

Platt, A.R. 2020. *One true cause: Causal powers, divine concurrence, and the seventeenth-century revival of Occasionalism*. New York: Oxford University Press.

Van Asselt, W. en E. Dekker (reds.). 2001. *Reformation and Scholasticism – an ecumenical enterprise*. Grand Rapids, MI: Baker.

Van Asselt, W. 2001. *The federal theology of Johannes Cocceius (1603–1669)*. Leiden: Brill.

Van Berkel, H. en A. Vanderjagt (reds.). 2006. *The book of nature in early modern and modern history*. Leuven: Peeters.

Van der Belt, H. 2008. *The authority of Scripture in Reformed theology: Truth and trust*. Leiden: Brill.

Vial, T. 2013. *Schleiermacher: A guide for the perplexed*. Londen: Bloomsbury.

Vos, A. 2001. Scholasticism and Reformation. In Van Asselt and Dekker (eds.) 2001.

## Eindnotas

<sup>1</sup> Met *Ideengeschichte* oftewel “history of ideas” word bedoel die ondersoek na hoe ’n idee of konsep, in hierdie geval ’n teologiese konsep, ’n historiese ontwikkeling en/of metamorfose ondergaan het in terme van beide die filosofiese en semantiese verstaan asook retories-linguistiese aanwending daarvan (Hongtu 2020:136–7). In hierdie artikel, soos gesien sal word, betref dit Wittich se verstaan van die akkommodasieteorie met betrekking tot die eksegese van die Bybel.

<sup>2</sup> Die oorspronklike Latynse teks lees: “Qui hoc animadvertisit est in primo gradu ad scientiam, quemadmodum agnitio peccati est primus gradus ad conversionem”.

<sup>3</sup> Die oorspronklike Franse teks lees: “Non que i’ imitasse pour cela les Sceptiques, qui ne doutent que pour douter [...], car, au contraire, tout mon dessein ne tendoit qu’au ’assurer [...] pour trouver le roc ou l’argile”.

<sup>4</sup> “scio per Scripturam”.

<sup>5</sup> “autem procul dubio factum fuit a primo homine ante lapsus”.

<sup>6</sup> “Concedet adversarius, ex eo quod non possis cogitare Deum nisi existentem, sequi existentiam esse a deo inseparabilem, sed addet, in mente tua, non in te ipsa: et hinc negabit sequi Deum revera existere”.

<sup>7</sup> “Ratio humana non est prior notior, cerior fidei, ergo non est eius principium”.

<sup>8</sup> “menti nostrae a prima Creatione inditum”.

<sup>9</sup> “Seqour ego Scripturam Sacram tamquam unicam regulam et normam fidei et vitae”.

<sup>10</sup> “quarum prior de sacra scriptura in rebus philosophicis ubusu, examinat … altera Dispositionem et ordinem totius universi et principalium eius corporum tradit, sententiamque nobilissimi Cartesii, de vera quiete et vero motu terrae defendit”.

<sup>11</sup> “usu et abusu”.

<sup>12</sup> “quomodo aliquid Deo innotescit, cui semper omnia fuerut praesentia? Nepe hominu moribus se conformas, quod experimento probavit, sibi nunc dicit esse cognitu. Neque enim pro immesa sua sapientia, sed pro nostra infirmitate nobiscu loquitur”.

<sup>13</sup> “Nos … Scripturiae autoritatem summa cum reverentia suscipimus, libentissime nos ei subjecientes, firmiter credendo, salutarem de Deo et divinis notitiam in ea sufficienter esse comprehendam, ut homo Dei possit esse perfectus ad omne bonum opus instructus. De caetero firmiter sumus persuasi, Scripturam saepissime de rebus naturalis loqui, ut apperent, non uti sunt, si Philosophicam spectes, adeoque non posse ex ea cognitionem Philosophiae Naturalis hauriri … Scripturam accommodare se ad captum etiam ad erroneam opinionem vulgi”.

Gedurende die 17de eeu was dit algemene praktyk om na natuurwetenskap of fisika as “Philosophiae Naturalis”, d.i. “natuurfilosofie” te verwys (Platt 2020:2).

<sup>14</sup> “multis locis Scripturae, qui circa res Practicas et morales locutiones continent secundum opinionem hominum a veritate recendentem”.

<sup>15</sup> “Dicendum igitur, vocem נָשָׁלָע ut ubique sic hic loco notare virginem vere incorruptam, sive quae virum nunquam cognovit”.

<sup>16</sup> “nec tamen ideo Spiritus Sanctus errores confirmat, nec suos facit, sed tantum non refutat et ad illos sese accommodat, cum non sint damnosii”.

<sup>17</sup> “Neque enim argute inter Philosophos de integro solis circuitu disputat, sed rudissime quibusque se accommodans, intra ocularem experientiam se continet”.

<sup>18</sup> “quibus praejudicis verba psalmi sunt involuta”.

<sup>19</sup> “dubitatem eximant ... quam ubi statuunt e caelo fluxisse, ac si vivae ipsae Dei voces illic exaudirentur”.

<sup>20</sup> “ad doctrinam neutrum”.

<sup>21</sup> Schleiermacher word wyd beskou as die vader van die moderne teologie en as die eerste moderne hermeneut (sien byvoorbeeld Vial 2013:4).